

Sing vooraf: Psalm 150:1 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm Psalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte^en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons van vergewing van ons sondes met Ps. 16:4 (p. 62)

Wet

Psalm 16:4 (p. 62)

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 25:8 (p. 117)

- 8 O my God, ontferm U oor my / in my diepe ongeluk;
eensaam is ek – o verhoor my! – / gans ellendig en in druk.
Om my heen, aan alle kant, / is die skrik van duisend dode;
laat dan, HEER, u regterhand / my verlos uit al my node.

Skriflesing: Handeling 7

Teks: Handeling 7:55, 56

Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat staan aan die regterhand van God. En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan. (Handeling 7:55-56 AFR1953)

Wat het met Stefanus gebeur net voor die manne hom gestenig het? Iets het verander!

- Die Here openbaar dat Stefanus vol van die Heilige Gees was (6:3, 5).
- Hy het meteens gesien dat sy einde gekom het – hy gaan nou uit die lewe uitgaan.

Terwyl die haat van almal rondom hom op hom afgereën het, het hy aandagtig na die hemel gekyk.

- Daarmee het hy reeds van die aarde afskeid geneem – en gekyk na sy nuwe toekoms.
- Op die aarde was daar nie meer vir hom enige verwagting nie. Luister hoe die Heilige Gees die gesindheid van die kerkleiers wat rondom hom gestaan het, beskryf:

En toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hul harte en het teen hom op die tande gekners.
(Handelinge 7:54 AFR1953)

In hierdie donker oomblikke laat die Here hom vrykom van die haat wat die aarde – en helaas ook die kerk op die aarde – oorheers.

- Vol van die Heilige Gees bly Stefanus sy oë op die hemel hou.
- Meteens maak die Here dit vir hom moontlik om in die onsienlike in te kan sien.
- Hy sien **die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan.**

Hierdie *sien* waarvan die Bybel hier praat, is nie 'n *visioen* nie.

- Dis nie 'n gesig nie.
- Hy het die Here Jesus fisies met sy oë gesien.
- Die Griekse teks laat nie toe dat dit verstaan kan word as 'n sien in die gees nie.
- Die woorde beteken werklik sien met jou liggaamlike oë.

Die Here sluit uit die hemel uit aan by iets wat vroeër gebeur het, waar die dissipels Hom ook met hulle liggaamlike oë gesien het:

Markus 16:19: Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God.

Die ongelowiges het beweer dat die Here Jesus nie opgevaar het hemel toe nie en dat Hy ook nie God is nie.

- Op hierdie oomblik – toe die kerkleiers Stefanus wou doodmaak – openbaar die Here weer hierdie feit van sy liggaamlike hemelvaart aan hulle!
- Die feit dat Stefanus die Here Jesus die Seun van die mens noem, beteken dat hy die Here Jesus in sy menslike natuur gesien het soos wat Hy nou in die hemel is!
- Daarmee vestig die Heilige Gees ons aandag ook daarop dat die menslike natuur van die Here Jesus ook nou met die menslike oog gesien kan word wanneer God dit moontlik maak.

Johannes sien die Here Jesus aan die regterkant van God staan. Waarom openbaar Hy Hom aan Stefanus terwyl Hy staan en nie sit nie?

- Die Here Jesus doen dit omdat Hy daarmee openbaar dat Hy nie na sy hemelvaart 'n rustende of 'n niksdoenende God is nie!
- Die feit dat Hy staan, is inderdaad die aanduiding daarvan dat Hy aktief is en dat Hy besig is om die gevolge van sy oorwinning waar te maak!

Ons weet dat die Here openbaar dat Hy na sy hemelvaart voortdurend vir elkeen van ons by God intree oor al ons sondes. Hy bid vir ons vir genade:

Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree.

(Romeine 8:34 AFR1953)

Maar daar kom 'n tyd wanneer die intrewerk en voorbiddingswerk van die Here Jesus tot 'n einde gaan kom.

- Daardie oomblik verander alles!
- Dan is die Here se geduld met onbekeerlikheid op.
- Dan kom Hy om sy oordeel te voltrek – dan kan niemand meer tot bekering kom nie!

En Jesus sê: Ek is. En u almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag van God sien sit en kom met die wolke van die hemel.

(Markus 14:62 AFR1953)

Dit is hierdie deel van die werk van die Messias wat meteens duidelik word in dit wat Stefanus sien!

- Meteens is Stefanus profeet: Hy sê wat hy sien! Hierdie mense rondom hom wat hom staan en dreig, moet weet van die oordeel van die lewende God wat vir hulle aan die kom is as hulle nie tot bekering gaan kom nie.

Die Here het tot my Here gesprek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? (Matteus 22:44 AFR1953)

- Stefanus sien God wat die dood oorwin het – wat reeds staan aan die regterhand van God – die Here Jesus Christus, God die Almagtige wat al gereed maak vir sy wederkoms!
- Op ander plekke in die Woord van God word hierdie almag van die Here Jesus ook aan ons geopenbaar. Luister wat laat die Here Petrus neerskryf:

. . . wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is. (1 Petrus 3:22 AFR1953)

Dieselfde God na wie Stefanus gekyk het toe Hy gesterf het, is vandag die Gasheer van hierdie Nagmaal.

- In 'n sekere sin moet ons die Here Jesus ook aan die regterhand van God sien staan.
- Ons moet verstaan dat Hy juis uit sy staanplek as ewige Regeerder en Oorwinnaar die versekering van ons versoening en verlossing aan sy tafel gee!
- Maar dan moet ons ook verstaan dat Hy as die ewige Regter wat kom, sy eise aan ons kan stel, naamlik dat ons Hom in sy goddelike en almag aanbid en soek:

As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. (Kolossense 3:1 AFR1953)

Die Nagmaal is die herdenking van die kruisverdienste van ons Here Jesus Christus.

- Dit is ook 'n verkondigingsmaaltyd waarmee ons sy ewige Goddelike opstanding, hemelvaart en wederkoms bely en verkondig.
- Dis die maaltyd waarmee ons Hom as Verlosser inwag – wanneer Hy as ewige Regter hierdie verlossing wat Hy vandag weer aan ons bevestig, vervul in ons ewige lewe by Hom:

. . . en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëdes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af . . . (Matteus 25:33-34 AFR1953)

Hoe gaan die Verlosser wat Stefanus gesien het, lyk as ons Hom sien met die wederkoms? Johannes het Hom gesien:

Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gesprek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.

Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. (Openbaring 1:12-16 AFR1953)

Hierdie Almagtige laat u nou almal aan sy tafel aansit om u weer te verseker van die verlossing en die ewige lewe wat Hy oor u beskik.

Amen.

Gebed

Psalm 73:10 (p. 369)

- 1 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
0 U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

Formulier

Psalm 89:1, 6, 10 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie, / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
6 Hoe salig is die volg wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.
10 My goedertierenheid, hom altyd trou naby, / sal in die donker nag sy helder leidstér bly.
My Naam sal vir hom wees 'n altyd sterke toring, / en in my krag swaai hy die hooggehewe horing.
Ek sal sy hand laat heers oor lande wydgeleë, / sy regterhand laat rus op stroomgebied en seë.

Af tafel toe

Tydens Nagmaal: Psalm 116
Psalm 118

Slotgebed

Slotpsalm 98:1 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum : 11 November 2007 (oggend)